

191.T. 2 (19)

DIE HUIDIGE BEELD VAN DIE A.C.V.V.

(OPENINGSREDE, A.C.V.V.-KONGRES,
STELLENBOSCH, 25 SEPTEMBER 1962)

Deur Prof. H.B. Thom.

Algemeen: Verwelkoming namens Universiteit. Vir my 'n genoë en voorreg om aan hierdie Kongres deel te hê, en die openingsrede te lewer. - Gebore in die jaar van die stigting van die A.C.V.V.! Van die vroegste indrukke wat ek in my lewe opgedoen het, staan in verband met die A.C.V.V. - Aandeel van moeder.

I My onderwerp: Die Huidige Beeld van die A.C.V.V.

Wat verstaan ons hieronder? Dit gaan nie om 'n beeld wat moet dien as simbool van die A.C.V.V. nie. Dit gaan ook nie om die beeld van die een of ander prominente dame van die A.C.V.V. nie!

Dit gaan om die beeld wat die gewone man vandag van die A.C.V.V. het: die beeld wat onwillekeurig by hom opkom wanneer hy aan die A.C.V.V. dink of daaroor praat. Hoe sien hy die A.C.V.V.? Waaraan dink hy?

Ons moet besef dat die beeld wat die gewone man - of die publiek - van 'n organisasie het, van groot betekenis is. Dit geld van vrywel enige organisasie, maar dit geld insonderheid van 'n organisasie soos die A.C.V.V., wat in die midde van ons publiek werk.

Laat ons nader let op die huidige, die gewone, alledaagse beeld wat daar by baie vandag van die A.C.V.V. bestaan.

II Die Gangbare, Gewone Beeld.

Ek wil hier geen absolute skildering gee nie, omdat daar tussen verskillende mense gewoonlik verskille van mening en indrukke bestaan, en daar dus vanselfsprekend geen absolute beeld kan wees nie. Ek gee egter min of meer die gewone opvatting.

Die meeste mense, wat nie self by die werk van die A.C.V.V. betrokke is nie, dink aan die A.C.V.V. min of meer as 'n liggaam wat aalmoese uitdeel. Die gewone beeld is vandag dié

van/.....

van 'n aantal toegewyde, hardwerkende dames wat geld insamel om hulle in staat te stel om aan siekes en armlastiges aalmoese te gee.

Met so 'n optrede is daar as sodanig natuurlik niks verkeerd nie, en regskape mense toon ook baie waardering daarvoor. By oningelighes, onvriendelikes of kwaadgesindes hoor ons egter vandag soms die kritiek dat die A.C.V.V. te veel tyd daaraan sou bestee om geld in te samel, en dat die geld dan weer gebruik sou word om net by herhaling aalmoese te gee. En deur die aalmoese sou hulpbehoewendes dan nie op die duur gehelp word nie, maar sou hulle eerder gedemoraliseer word.

Hierdie skakerings kry ons in die gewone beeld, maar die feit bly staan dat die A.C.V.V. in die oë van die gewone man vandag in die reël 'n dames-aalmoeseniërsorganisasie is.

Is dit nou 'n juiste beeld? Toon dit die A.C.V.V. soos hy werklik is?

III Die Juiste Beeld.

Mense wat self hardwerkende lede van die A.C.V.V. is, of wat self in bestuursliggame van die A.C.V.V. dien, sal goed weet dat hierdie beeld wel 'n grein van waarheid bevat, dog dat dit geensins volledig is nie, en dat dit daarom inderdaad volkome skeef is. As 'n mens u blad Eendrag gereeld lees, of u periodieke Kongresverrigtinge volg, of veral die boek van dr. H.C. Lambrechts en prof. Erika Theron, Vroue-Volksdiens, raadpleeg, sal jy al gou 'n veel vollediger en ewewigtiger beeld van die A.C.V.V. kry.

Hierdie boek van dr. Lambrechts en prof. Theron verdien inderdaad spesiale vermelding: nog nooit het ek 'n geskrif teengekom wat die werk van die Afrikanervrou - soos dit in die A.C.V.V. tot uiting kom - so duidelik aan die lig laat tree soos hierdie boek nie.

Dit is wel só dat die A.C.V.V. aalmoese gegee het, en nog gee. Maar dit het nog nooit om aalmoese as sodanig gegaan, of met aalmoese begin en geëindig nie.

Die kern van die A.C.V.V. se werk is immers, van die begin af tot vandag toe, gesinsorgwerk. Maar reeds vanaf die beginjare na 1905 was die gedagte hierby nie net die leniging van materiële nood nie, maar ook persoonlike raadgewing en opheffing, en die gesinsorgwerk is in die praktyk ook streng volgens hierdie doelstelling uitgevoer.

Naas die groot verskeidenheid van die vertakkinge van gesinsorgwerk, het gekom tal van ander maatskaplike bedrywig-hede.

Opmerklik is veral die steun wat die A.C.V.V. aanvanklik gegee het aan hulpbehoewende gemeentes van die N.G. Kerk, d.i. voordat die Algemene Armesorgkommissie van die Kerk ontstaan het wat later hierdie werk oorgeneem het.

Verder, ooreenkomstig die naam van die A.C.V.V., is daar die klem op die Christelike sy van die werk wat sy doen.

Ook die werk in belang van die onderwys en die jeug: opvoedingsfonds, en huishoudskole: Tulbagh, Riebeek Wes (Die Ark), George en Blouville (Wellington).

Ook die Afrikanergees waarin die A.C.V.V. steeds gewerk het - weer in ooreenstemming met haar naam.

Die doelbewuste optrede aanvanklik in belang van die Hollandse taal, en later van Afrikaans: oorspronklike konstitusie („tot hulp en opbouwing van onse taal“); kongresse van 1905 en 1906 - Hollands moet, net soos Engels, verpligtend gemaak word in eksamens in universiteite en skole; waardering vir hierdie werk deur die Sinode in 1915; en dan, in 1922, die erkenning van Afrikaans naas Hollands, en in 1926 die konstitusie en reglemente in Afrikaans.

Siekesor: deur takke, komitees en individuele lede. - Ook bou van hospitaal op Springbok (1933) (goeie samewerking, en ook baie geskenke - selfs brandewyn, „om in die babetjies se badwater te gooi“).

Tehuse vir bejaardes: het in ons tyd vandag een van die allervernaamste take van die A.C.V.V. geword.

Ook is daar met die tyd tred ghou. Dit sal altyd tot eer van die A.C.V.V. gesê kan word dat sy nie tevrede was om haar werk slegs op 'n persoonlike, sentimentele of emosionele grondslag te doen nie - hoe goed dit op sigself ook al mag wees - maar dat sy reeds vroeg die noodsaaklikheid van die wetenskaplike benadering van maatskaplike werk ingesien het. Op verskeie kongresse is daar bv. gepleit vir die instelling wetenskaplike kursusse vir die opleiding van maatskaplike werksters aan universiteite.

In die lig hiervan is dit dan ook nie vreemd nie dat die A.C.V.V., as 'n Christelike Afrikaanse vroueorganisasie, haar reeds vroeg getrou aan die sy van die Universiteit van Stellenbosch geskaar het. In die jare 1921 - 1922 is daar op aktiewe wyse fondse vir die Universiteit ingesamel; in

die jongste jare het die A.C.V.V. weer eens haar vertroue in die Universiteit bevestig deur in te staan vir die salaris van 'n spesiale leerkrug in die Universiteit se Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk.

Vir hierdie samewerking met die A.C.V.V. wil ek, namens die Universiteit, ons hoë waardering uitspreek, en vir die materiële en morele steun, wat ons van die A.C.V.V. gekry het, ons innige dank. Dit was vir ons, en is inderdaad nog steeds, 'n ware aansporing en besieling.

Uit wat ek gesê het, kan ons seker die juiste en komplette beeld van die A.C.V.V. kry.

Resumeer: Nie net 'n aalmoeseniërsorganisasie nie; intendeel, 'n krag, 'n dinamiese faktor in die diens van ons siekes, van ons armes, ons bejaardes, ons jeug, ons huisgesin, ons onderwys, ons taal en ons godsdienste. En u kon hierdie magtige krag in ons samelewing word, omdat u 'n verhewe ideaal het waarin u van harte glo; omdat elkeen van u bereid is om u eie belange te vergeet en uself ten volle in die diens van hierdie verhewe ideaal te plaas.

Dit is die werk van die A.C.V.V.; dit is haar gesindheid. Hierin het ons die juiste beeld.

IV Noodsaaklikheid van Juiste Beeld.

As ek kritiek op die A.C.V.V. mag hê, dan is dit dat sy nie genoeg gedoen het om hierdie juiste beeld na buite uit te dra nie.

By die begin het ek opgemerk dat die beeld wat daar van 'n organisasie bestaan, van groot betekenis is. As daar van 'n organisasie 'n skewe beeld bestaan, sal sy werk op verskillende maniere daardeur benadeel word. Dit is dus nodig dat by die gewone publiek en by owerheidsliggame die beeld van die A.C.V.V. so volledig en so korrek moontlik tuisgebring word.

By die publiek sal dit lei tot 'n beter begrip en tot groter waardering van die selfopofferende werk van die A.C.V.V., en jong mense van hoë gehalte sal hulle in groter getalle vir die maatskaplike werk van die A.C.V.V. aanmeld.

Die publiek sal 'n gunstiger reaksie toon, en sal ondernemings van die A.C.V.V. met groter geesdrif steun, waardeur die fondse-insameling weer gebaat sal word.

Dit sal owerheidspersone en owerheidsliggame die volheid en noodsaaklikheid van die A.C.V.V. se werk beter laat besef, en dit sal waarskynlik kan meehelp om die owerheid tot groter

finansiële steun aan te spoor.

Hiervoor skyn daar ook rede te bestaan as 'n mens daaraan dink dat owerheidsteun aan die A.C.V.V. op verre na nie soveel toegeneem het as wat die A.C.V.V. se inkomste uit eie insameling vermeerder het nie. In 1945 bv. het die A.C.V.V. van die Staat £26,000 ontvang, terwyl sy self £37,000 ingesamel het; in 1959 egter het die A.C.V.V. £46,000 van die Staat ontvang, maar sy het toe reeds self £107,000 ingesamel.

Die verspreiding van die juiste beeld sal ook help om A.C.V.V.-lede en -bestuursliggame groter geluk en groter vreugde in hulle werk te gee. 'n Mens is nou eenmaal maar menslik, en jy skep geregverdigde behae daarin as jy sien dat jou werk na behore begryp en gewaardeer word.

Alles bymekaar geneem, kan ons sê dat die verspreiding van 'n juiste beeld van die A.C.V.V. 'n beter atmosfeer en klimaat sal skep, waarbinne daar nog meer en nog vrugbaarder werk gedoen sal kan word.

V Slot.

Ons het nou die gewone hedendaagse beeld gesien; ons het die juiste beeld gadeslaan; en ons het nagegaan waarom dit noodsaaklik is dat die juiste beeld versprei moet word. Dit is wenslik dat geskikte literatuur in die lig gegee word - boeke, brosjures en verslae - om die juiste beeld te versprei.

Hier is ons in die 42ste Kongres byeen. Vanuit hierdie kongres, soos vanuit alle kongresse, moet die juiste beeld gedra word.

Mag ons almal hiertoe ons hartlike samewerking gee, sodat die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging, wat vir ons so na aan die hart lê, van krag tot krag in ons samelewing sal gaan. En mag elke lid van die A.C.V.V. dan getrou voortwandel op die weg wat in haar treffende verenigingslied vir haar afgebid word:

Haar volk ten diens, haar God ter eer,
Lei U haar self, die vrou, o Heer!

Hiermee is die 42ste Kongres van die A.C.V.V. dan nou formeel geopen.